

DANIELSKUIL — DIE TRONK-MITE

P.H.R. Snyman

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Die voortdurende hervertolking van die verlede is 'n eis wat deur die wetenskap aan die historikus gestel word. Deur opnuut vrae aan die verlede te rig, moet nader aan die waarheid beweeg en die ou — soms uitgediende — geskiedbeeld hersien word.¹ Die geskiedbeeld word soms verwing deur allerlei romantiese fabels, mites of legendes, waarvan die geskiedenis van die Afrikaner ook nie vry is nie. Dit is maar eintlik eers die afgelope sowat vyftien jaar dat die proses van *ontmitologisering* daadwerklik aan die gang is en onder die resultate daarvan tel onder meer die onthulling van die mite omtrent Slagtersnek, sekere omstrede aspekte rondom die slag by Bloedrivier en die Gelofte, en apartheid.² Ook op 'n meer plaaslike of streekvlak het enkele mites al onder die vergrootglas gekom, onder meer die naamgewing van die plaas Libertas en die legende van Postmasburg.³ Op hierdie vlak is oor die algemeen egter nog min gedoen om mites, wat meestal op oorlewering berus, deur deeglike bronnestudie die nek in te slaan. Ontmitologisering moenie as heiligskenis beskou word nie, maar eerder as 'n proses waardeur 'n wetenskaplik verantwoorde geskiedbeeld geskep word.⁴

In sy soeke na die historiese waarheid moet die streek-historikus dan ook pertinent na hierdie mites kyk en dit deur indringende bronnekritiek hervertolk en ontmitologiseer. Die verklaring vir die oorsprong van die naam van die Noord-Kaaplandse dorp Danielskuil (waarvoor primêre navorsing tot dusver ontbreek het) wat in hierdie artikel onder die soeklig geplaas word, is 'n poging om juis dit te doen.


Soos die naam aandui, ontleen Danielskuil sy naam aan 'n *kuil* waaraan die Bybelse konnotasie van "Daniël in die leeu-kuil" (Daniël 6) geheg is. Hierdie kuil is 'n natuurlike krater in die kalksteenformasie op die dorpsmeent, konkaaf-vormig en tans skaars vyf meter diep. Dit was egter vroeër veel dieper — na bewering selfs meer as twintig meter — maar dit is deur die jare as 'n plek vir vullisstorting gebruik.⁵

DIE MITE

Sowel P.J. Nienaber as B.F. van Vreeden bevestig dat die naam *Danielskuil* in verband staan met die krater of kuil, maar voeg by dat dit 'n Griekwatronk was waar gevangenes onder die mees beproewende omstandighede aangehou is — en juis daarom is die Bybelse konnotasie daaraan gekoppel.⁶

Sover vasgestel kon word, is die kwessie van die kuil as tronk vir die eerste keer in 1926 deur D.H. van Zyl (die latere senator), destyds nuuskorrespondent op Danielskuil, op skrif gestel in 'n koerantberig.⁷ Van Zyl het veral mondelinge oorlewering van die Griekwa opgeteken en dit later in enkele tydskrifartikels en sy bekende werk *'n Griekwa — "Ietsigheid"*⁸ gepubliseer. Latere weergawes daarvan, sommige ook met aanvullende besonderhede, berus grootliks op Van Zyl se pennevrug. Die volgende uitsprake is oor die kuil gemaak:⁹

- Dit is deur òf Adam Kok I, òf Waterboer (wie van Andries of Niklaas word nie vermeld nie) òf Barend Barends as 'n tronk, veral vir politieke gevangenes, gebruik;
- die kuil het gewemel van allerhande kruipende gediertes, veral slange;
- gevangenes is tussen een en ses maande in die kuil aangehou, het twee maal per dag kos en water ontvang, asook 'n kerie om hulle teen die gediertes te beskerm;
- aan gevangenes is glo ook 'n Bybel gegee, wat tot gevolg gehad het dat van hulle tot bekering gekom het;
- 'n gevangene wat 'n aanhoudingstydperk van een of twee dae kon oorleef, is vrygelaat;
- laastens word gesê dat Waterboer, wat self 'n Christen en onder die invloed van die sendelinge van die



Londense Sendinggenootskap was, nie so 'n onmenslike praktyk sou gedoog het nie.

Die interpretasieverskille oor die sogenaamde tronk is

1. Kyk veral T. VAN WIJK, Die uitgang van die agtiende eeu, in B.J. LIEBENBERG (samesteller), *Opstelle oor die Suid-Afrikaanse historio-grafie* (Pretoria, 1975), pp. 81-94, en F.A. VAN JAARSVELD, *Geskiedkundige verkenninge* (Pretoria, 1974), pp. 91-118.
2. VAN JAARSVELD, *op. cit.*, pp. 91-118; F.A. VAN JAARSVELD, Die ontmitologisering van die Afrikaner se geskiedsbeeld, in A.J. COETZEE (red.), *Hulsels van kristal* (Kaapstad, 1981), pp. 195-210.
3. VAN JAARSVELD, *Die ontmitologisering*. . . pp. 197-198; B.F. VAN VREEDEN, Die legende van Postmasburg, *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 5, Februarie 1949, pp. 90-92.
4. VAN WIJK, *op. cit.*, p. 83; VAN JAARSVELD, *Die ontmitologisering*. . . p. 197.
5. Kyk onder meer P.J. NIENABER, *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek I* (Kaapstad, 1963), p. 200; A. SCHIMPER, Veertien jaar by die slange-kuil van Daniël, *Huisgenoot*, 19.9.1975, pp. 67 en 69.
6. NIENABER, *op. cit.*, p. 200; B.F. VAN VREEDEN, *Die oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en die aangrensende gebiede* (D.Phil., U.W., 1961), p. 239.
7. G. VAN DER MERWE, *Die geskiedenis van enkele Suid-Afrikaanse dorpe — 'n kompilasie van historiese materiaal I* (fotokopie in besit van IGN), pp. 80-81.
8. (Kaapstad, 1947), p. 89 e.v.
9. VAN DER MERWE, *op. cit.*, pp. 80-81; SCHIMPER, *op. cit.*, p. 69; *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 3 (Kaapstad, 1973), p. 561; D. MOSTERT (samesteller), *Gedenkboek van die ossewaens by die pad van Suid-Afrika: Eeufees 1838-1938* (Kaapstad, 1940), p. 510; P.L. OLIVIER (samesteller), *Ons gemeentelike feesalbum: 'n oorsig van die ontstaan en groei van gemeentes van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die Van Riebeeck-ees 1952* (Kaapstad, 1952), p. 161; J. VAN DER WALT, Veertig jaar in Noord-Kaapland: die onbekende, *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 34(2), April 1978, p. 23; *Hoofstad*, 3.10.1975.

opvallend en kenmerkend van 'n geval waar bewysvoering op oorlewering berus. Daar is dan ook onsekerheid oor wie se tronk dit eintlik was. Adam Kok I (ca. 1710-1795) is egter uitgesluit, omdat hy hom nooit in dié gebied gevestig het nie. Die Waterboers se hoofkwartier was op Griekwastad, sowat 80 kilometer suid. Net Barend Barends het op Danielskuil gewoon en wel tussen 1820 en 1827.¹⁰

OORSPRONG VAN DIE NAAM DANIELSKUIL

Om meer lig op die verklaring vir die naam te werp, is dit noodsaaklik om vas te stel waar die naam sy oorsprong gehad het en deur wie dit gegee is. Werklike primêre navorsing deur beide Van Vreeden en Nienaber ontbreek. Van Vreeden vermeld wel dat Barend Barends die naam toegeken het, maar as bron vir sy weergawe gebruik hy gegewens wat hy tydens veldwerk in die gebied opgeteken het, wat weer op dié van Van Zyl terugslaan. Nienaber gebruik Van Vreeden se werk as bron.¹¹

Twee weergawes van die beweerde oorsprong van die naam Danielskuil is egter wel opgeteken. Toe sendelinge van die Londense en Wesleyaanse sendinggenootskappe in



'n Gedeelte van die Noord-Kaaplandse dorp Danielskuil.

FOTO: A.G.

omstreeks 1832 in 'n twis — oor die reg om op Danielskuil te arbei — gewikkel was, het Peter Wright, sendeling van die Londense Sendinggenootskap op Griekwastad, aangevoer dat die pioniersendelinge William Anderson en Cornelius Kramer kort na hulle aankoms in die gebied in 1801 die fonteine by onder meer Klarwater (Griekwastad) en Danielskuil ontdek en benoem het.¹² Volgens Anderson en Kramer se joernaalinskrywings blyk dit egter dat die reeks fonteine wat hulle besoek het, almal rondom die teenswoordige Griekwastad geleë is. Oënskynlik verwar Wright Danielskuil met Anderson en Kramer se beskrywing van die "Leeuwenkuil". Hulle het dié plek so genoem "on account of a lion which we shot there by a deep water", en die afstand van Klarwater af daarheen as vyftien minute te voet aangegee,¹³ terwyl Danielskuil ongeveer 80 kilometer van Griekwastad af is. Die leeuken is 'n bekende landmerk by Griekwastad en is ook deur onder andere die reisiger William Burchell (1812) beskryf.¹⁴ Dit is dus duidelik dat Anderson en Kramer op daardie tydstip nie naby Danielskuil was nie — die naam het trouens nog nie bestaan nie. Historici soos Martin Legassick,¹⁵ wat nie met die terrein

vertroud is nie, aanvaar sonder meer Wright se weergawe dat Anderson en Kramer Danielskuil wel besoek het.

'n Tweede weergawe het in 1849 uit die pen van die bekende kunsskilder en reisiger, Thomas Baines, verskyn. In 1816, skryf hy, het die sendeling James Read (LSG) op 'n reis tussen Griekwastad en Lattakoo (Dithakong) 'n gat van ongeveer drie voet (900 millimeter) deursnee en twintig voet (ses meter) diep ontdek. Onder in die gat het 'n dooie springbok gelê. Read het die plek "Daniels Kuil or Den" genoem. In 1820 en 1842 het hy glo weer daar aangedoen en telkens dieselfde springbok, steeds in 'n volmaakte toestand van preservering, in die kuil aangetref!¹⁶

Read het wel in 1816 tydens sy tog na Dithakong die latere Danielskuil besoek, maar dit "Vraay-fontein or beautiful fountain" gedoop. Hierdie naam is egter slegs deur Read gebruik. 'n Pleknaam wat Read wel aangee en wat vandag nog die naam dra, is Kramersfontein, sowat tien kilometer noord van Danielskuil. Kramersfontein is bewoon deur Boesmans (San), onder wie Read met sendingwerk wou begin.¹⁷ Legassick¹⁸ vertolk Wright se latere verklaring verkeerd as hy beweer dat Danielskuil na die sendeling Cornelius Kramer vernoem is — dié eer kom Kramersfontein toe. Albei genoemde verklarings blyk dus onjuis te wees;

10. *Standard encyclopaedia*. . . 3, p. 561; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV* (Durban, 1981), pp. 300-301; R.L. COPE (red.), *The journals of the Rev. T.L. Hodgson, missionary to the Seleka-Rolong and the Griquas, 1821-1831* (Johannesburg, 1977), pp. 81-82, 87 en 378.
11. VAN VREEDEN, *Die oorsprong en geskiedenis van plekname*. . . , p. 239; NIENABER *op. cit.*, pp. 26, 110-111, 117-118 en 200.
12. Die brief van Wright kom ter sprake in M.C. LEGASSICK, *The Griqua, the Sotho-Tswana, and the missionaries, 1780-1840: the politics of a frontier zone* (Ph.D., Universiteit van Kalifornië, 1969), pp. 179-180, en W. SHAW, *A defence of the Wesleyan missionaries in Southern Africa: comprising copies of a correspondence with the reverend John Philip, D.D.* (Pretoria, 1976), p. 53. Kyk ook Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Mikrofilmversameling, Argief van die Londense Sendinggenootskap (LSG) M1130, suidelike briewe, houer 14, vouer 4, omslag E(14/4/E): P. Wright, Griekwastad, 25.9.1835.
13. TAB, LSG M1183, joernale, houer 1, joernale 2 en 3(1/2 en 3): W. Anderson, Griekwastad, Julie 1804 — September 1806 en November 1804 — September 1805; 1/7: C.A. Kramer, Griekwastad, 24.7.1805 — 3.3.1806.
14. W.J. BURCHELL, *Travels in the interior of Southern Africa I* (Londen, 1953), p. 339.
15. *Op. cit.*, pp. 179-180.
16. R.F. KENNEDY (red.), *Journal of residence in Africa, 1842-1853, by Thomas Baines I: 1842-1849* (Kaapstad, 1961), p. 187.
17. TAB, LSG M1184, joernale 3/61: J. Read, Lattakoo, 10.12.1816-30.12.1816.
18. *Op. cit.*, pp. 179-180.



Die kuil in die kalksteenformasie op Danielskuil se dorpsmeent.

FOTO: A.G. OBERHOLSTER

bowendien is daar geen verwysing na 'n tronk in Anderson, Kramer en Read se joernale nie.

Tussen 1804 en 1820 word die naam Danielskuil glad nie in die korrespondensie en joernale van die LSG genoem nie. Dit dui ook, afgesien daarvan dat die naam nog nie bestaan het nie, daarop dat Danielskuil nóg 'n buiteseendingstasie van Griekwastad nóg 'n Griekwanedersetting was. Jan Kars, 'n Griekwa, het wel later onder die Boesmans op Kramersfontein begin arbei. Uit verset teen onder meer sendelingsbeheer en die opsegging van die stelsel van stamhoofde het Barend Barends, een van die eerste Griekwastamhoofde, sy woonplek by Hardcastle, suidwes van Griekwastad, verlaat en hom in 1820 op Danielskuil gaan vestig. Dit is daar waar die sendelingsreisiger John Campbell hom in dieselfde jaar tydens 'n inspeksiereis aangetref het. In Campbell se geskrifte van Augustus 1820¹⁹ word die naam "Daniels Den" (Danielskuil) die heel eerste keer vermeld. Twee moontlikhede bestaan dan in verband met die naamgewing: dit is of deur Barend Barends as naam vir sy woonplek gegee, of die naam is deur John Campbell toegeken. Campbell is teweens bekend vir sy naamgewing in Griekwaland-Wes, onder meer aan die dorp Griekwastad en die inwoners, die Griekwa. Eers vanaf 1820 word die naam Danielskuil dus gereeld deur die LSG-sendelinge gebruik. Interessante halwe kan genoem word dat Danielskuil voor die koms van die Griekwa as *Goup*, *Koup* of *Xaub* (Hottentots) en *Tlhaka le tlou* (Setswana) bekend was.²⁰

WAS DIE KUIL 'N TRONK?

Tot in 1827 toe Barends Danielskuil verlaat en na Boetsap verhuis het, kom die naam Danielskuil gereeld voor in dokumente van verskeie sendelinge wat af en toe daar besoek afgelê of deur gereis het. Hulle was Robert Moffat (1820-1824), Henry Helm (1822), Isaac Hughes (1824), Christopher Sass (1824) en John Philip (1825) van die Londense Sendinggenootskap, en die Wesleyaanse sendeling Thomas Hodgson. Nêrens word iets van die kuil of tronk (indien Barends die wrede praktyk sou beoefen het) vermeld nie.²¹ Hoewel Barends sy bande met die Londense

19. J. CAMPBELL, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the London Missionary Society: being a narrative of a second journey in the interior of that country II* (Londen, 1822), pp. 231-232, 237, 240 en 247; TAB, LSG M1125, suidelike briewe 8/3a: John Campbell's manuscripts 1817-1821.
20. TAB, LSG M1127, suidelike briewe 11/3/C: P. Wright, Griekwastad, 16.4.1829; P.R. KIRBY (red.), *The diary of dr. Andrew Smith, director of the "Expedition for Exploring Central Africa", 1834-1836 II* (Kaapstad, 1940), p. 276; VAN VREEDEN, *Die oorsprong en geskiedenis van plekname. . .*, pp. 3 en 239; G.W. STOW, *The Native races of South Africa* (Londen, 1905), p. 386. *Tlhaka le tlou* beteken "olifantsriet" of "riete van die olifant".
21. TAB, LSG M1126, suidelike briewe 8/5/D: H. Helm, Griekwastad, 27.12.1822; 9/2/C: I Hughes, New Latakoo, 30.9.1824; 9/2/E: C. Sass, Griekwastad, 18.11.1824; R. MOFFAT, *Missionary labours and scenes in Southern Africa* (New York, 1846), pp. 119, 140, 289-290 en 315; I. SCHAPERLA (red.), *Apprenticeship at Kuruman, being the journals and letters of Robert and Mary Moffat, 1820-1828* (Londen, 1951), pp. 37-38, 87, 169 en 190; J. PHILIP, *Researches in South Africa II* (Londen, 1828), p. 109; COPE (red.), *op. cit.*, pp. 87-88.

sendelinginvloed want hy het hom kort daarna met die Wesleyaanse sendelinge verbind. Nadat Barends Danielskuil verlaat het, het die Londense Sendinggenootskap in 1829 met gereelde besoeke aan Danielskuil begin,²² wat gelei het tot die genoemde twis tussen die twee sendinggenootskappe oor wie die reg het om op Danielskuil sendingwerk te doen. Ook hierdie uitgerekte briefwisseling werp geen lig op die sogenaamde tronk nie.²³ Aan die begin van die jare dertig het Andries Waterboer die territoriale jurisdiksie oor Danielskuil van Barends vir sowat 1 200 riksdalders gekoop, waarna Danielskuil 'n permanente buitepos van die Londense Sendinggenootskap geword het. Teen 1834 het Danielskuil reeds 90 inwoners gehad.²⁴

Van 1831 af was die Griekwa nog 40 jaar lank in die gebied aan bewind — eers onder Andries Waterboer (tot 1852) en daarna onder sy seun Niklaas (tot 1871). Gedurende hierdie tydperk is die sogenaamde "Missionary Road" vanaf Griekwastad en Campbell oor Danielskuil na Kuruman en die verre binneland deur etlike reisigers, jagters, sendelinge en handelaars uitgetrap. Baie het in dié tyd by Danielskuil aangedoen; die volgende persone het beskrywings van een of ander aard nagelaat: dr. Andrew Smith (1835), John Burrow (1835), William Cornwallis Harris (1836), James Backhouse (1839), H. Methuen (1844), Gordon Cumming (1844-45), Thomas Baines (1849), Alfred Dolman (1849), J.J. Freeman (1849), David Livingstone (1852) en John Mackenzie (1858).²⁵ Feitlik al hierdie besoekers het die kuil se geofisiese en topografiese kenmerke beskryf, maar nêrens word aangetoon dat die kuil as 'n gevangenis gebruik is nie. As dit as tronk gedien het — sonder twyfel 'n rare verskynsel — is dit besonder eienaardig dat nie een besoeker daarvan te hore gekom en dit opgeteken het nie. Die meeste van hierdie reisverhale word juis deur noukeurige en gedetailleerde beskrywings gekenmerk.

Met die anneksasie van Griekwaland-Wes in 1871 is die jurisdiksie van die Griekwa in die gebied beëindig en sou die Kroonkolonieregering (1873-1880) en die Kaapse koloniale regering (na 1880) in elk geval nie sulke praktyke en 'n eie Griekwa-regspraak toegelaat het nie. Besoekers in die jare sewentig en tagtig vermeld ingelyks niks oor 'n tronk nie.²⁶

In 1892 het die Blanke dorp Danielskuil tot stand gekom. Die enigste bekende geval waar van "a dark cave underground inhabited by snakes" melding gemaak word, is dié in 'n verklaring van Abram Kok in 1872 tydens die grondvraagstuk in Griekwaland-Wes. Volgens hom sou Niklaas Waterboer hom in 1863 voor die keuse gestel het van klippe kap ses maande lank of aanhouding in die grot, indien hy nie sy eiendom op Campbell wou verloor nie. Dat die grot by Danielskuil bedoel word, word nie gemeld nie.²⁷ Dit was wel moontlik dat die kuil in geïsoleerde gevalle as 'n soort afskrikmiddel kon gedien het, maar dat dit 'n tronk was, kan nog nie op dié manier sonder meer bewys word nie. Al sou Niklaas Waterboer dit in sy latere bewindsjare as tronk gebruik het, beteken dit beslis nie dat die naam Danielskuil as gevolg daarvan ontstaan het nie.

BESLUIT

Danielskuil ontleen dus wel sy naam aan die nabygeleë natuurlike kuil. Dit is van besonder kultuurhistoriese betekenis en word trouens as 'n moontlike nasionale gedenkwaardigheid ondersoek. Dit is egter te betwyfel of dit ooit as tronk gebruik is. Met reg kan gevra word of die Waterboers 'n tronk so ver (80 kilometer) van hulle hoofkwartier af sou gebruik het? Verder, sou die sendelinge, wat groot invloed in die Griekwa-samelewing uitgeoefen het, so 'n onchristelike praktyk ooglopend toegelaat het en sou so 'n rare verskynsel nêrens gedokumenteer gewees het nie? Dit is hoogs waarskynlik dat die kwessie van 'n tronk 'n mite is wat mettertyd daaraan gekoppel is om die naam Danielskuil te verklaar. ©

22. TAB, LSG M1126, suidelike briewe 8/5/B : H. Helm, Griekwastad, 2.9.1822; M1127 11/3/C : P. Wright, Griekwastad, 16.4.1829; 11/3/D : P. Wright, Griekwastad, 6.8.1829; COPE, *op. cit.*, pp. 87, 371 en 378.
23. Kyk veral SHAW, *op. cit.*, p. 36 e.v., STOW, *op. cit.*, pp. 386-387, en LEGASSICK, *op. cit.*, pp. 407-408, 489-490 en 505-509.
24. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB), SGGLW 62 Argief van die landmetergeneraal van Griekwaland-Wes, Warren Land Commission 1877 : Verklaring van Andries van Rooy, 18.6.1876; TAB, KK 824 Gebundelde Kaapse blouboeke : *Report on the land question in Griqualand West by capt. Charles Warren, R.E.*, pp. 9-10.
25. KIRBY (red.), *op. cit.*, p. 276; P.R. KIRBY (red.), *John Burrow — travels in the wilds of Africa* (Kaapstad, 1971), p. 76; W.C. HARRIS, *The wild sports of Southern Africa* (Londen, 1839), pp. 41-42; J. BACKHOUSE, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa* (Londen, 1844), pp. 450-451; H. METHUEN, *Life in the wilderness, or wanderings in South Africa* (Londen, 1846), p. 78; R.G. CUMMING, *The lion hunter of South Africa* (Londen, 1911), p. 341; KENNEDY (red.), *op. cit.*, p. 187; J. IRVING (red.), *In the footsteps of Livingstone, being the diaries and travel notes made by Alfred Dolman* (Londen, 1924), pp. 162 en 212; J.J. FREEMAN, *A tour in South Africa* (Londen, 1851), pp. 258-259; I. SCHAPERLA (red.), *Livingstone's missionary correspondence 1841-1856* (Londen, 1961), p. 217; J. MACKENZIE, *Ten years north of the Orange River* (Londen, 1971), p. 30.
26. Kyk onder meer C. WARREN, *On the veldt in the seventies* (Londen, 1902), pp. 339-360, en A.A. ANDERSON, *Twenty-five years in a waggon* (Kaapstad, 1974), p. 75.
27. J.J. OBERHOLSTER, Die anneksasie van Griekwaland-Wes, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 8, 1945, pp. 72-73.



BEDFORD HISTORICAL SOCIETY

A local historical society has been established in Bedford recently with Mr K.A. Baker of 31 Graham Street as chairman. Although membership is still sparse the society has had some successful meetings and has undertaken visits to various places of interest in the Tarka District.

We would like to receive notice of the establishment of all new local historical societies and of the activities of existing ones.